Johannes Erasmus Smit
Laaste Vorderingsverslag 2017 (76): November 2017

<u>1 Tim 1:16 en 17</u>: "Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n *voorbeeld* kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry. Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen."

2017 se Bybelverspreiding-fondsinsameling wat my suster, Lindie saam met Johannes gedoen het, was 'n groot sukses. Ons prys die Here (soos hierbo) daarvoor. Lindie het gemik vir R17 000 omdat dit vanjaar 2017 is, maar die Here het ons geseën met R32 400! Hierdie geld is in HEY! se rekening inbetaal en Celeste Steinman het die bewys van betaling in ontvangs geneem.

HEY! "Wake up and join the hope explosion! Be <u>a light in the dark world</u> for Jesus!" (Hierdie "leuse" laat my baie aan Johannes dink.) HEY! sal die geld aanwend om Bybels te koop en aan Laerskoolleerders in die Helderbergkom beskikbaar te stel. Ons het ook 'n klein skrywe met 'n foto van Johannes saamgestel wat voor in elke Bybel geplak sal word. Ds Chris Bester en Jackie Strauss was ook teenwoordig met die trekking, Vrydagmiddag 1 Desember. Ds Chris het eers vertel wat hy alles kon vermag met 2016 se geld (840 Bybels uitgedeel!) en daarna het Johannes die gelukkige nommer uit sy oupa Johannes se hoed getrek. Nommer 245 is gekoop deur Ean Smit, Willem se broer en ons sal persoonlik die skildery, deur Ann Gadd en tuinhangertjie, gemaak deur Johannes, die vakansie in Oos-London aflewer.

Johannes het Vrydag, 1 Desember 16 jaar geword en ons het heerlik partytjie gehou. Die Suidoos het ons kans gegee om buite te speel. Ons het Buurvrou se rolstoel geleen. Vooraf het ek en Johannes 'n rolstoel-hindernisbaan rondom die huis beplan en met bordkrytpyle gemerk. Een maat (geblinddoek) was in die rolstoel en sy siende maat moes hom stoot. Eers oor die drumpel van die garagedeur, deur 'n nou klippaadjie en dan oor die gras, oor die geplaveide paadjie, verby die swembad, af met 'n trappie tot weer in die garage. Die geblinddoektes was taamlik senuagtig. Al die speletjies is gespeel met een geblinddoekte en een gids: talfeltennis, sit-die-donkie-se-stert-aan, jukskei, boullé ens. Stephanie, een van 2017 se studente van Stellenbosch het die sjokolade verjaarsdagkoek gebak en hope komplimente ontvang.

Hiermee sê ons dan dankie aan elke liewe versorger, terapeut, helper, aandraer en aanmoediger vir 'n suksesvolle 2017. Vir hulp, raad, voorvat, inisiatief neem en sommer vir daar wees elke week. Sonder julle sou die Smitte dit nie gemaak het nie.

Mag die Feesseisoen vol vreugde, vrede, guns en goedheid wees.

Geniet elke oomblik saam met familie en vriende. Prys die Here vir 2017.

Kersgroete van 'n dankbare Willem, Anelé, Hein en Johannes

Foto's Vorderingsverslag 76

Stephanie het die koek gebak

Jukskei speel

Tafeltennis

Rolstoelhindernisbaan

Ons, saam met die HEY! - span

Hierdie Bybel is 'n geskenk van Johannes Erasmus Smit

aan: _____

Johannes was 8 jaar oud en in graad 3 by Laerskool Hendrik Louw in die Strand toe 'n motor horn op 26 Maart 2010 raakgery het terwyl hy Bloekomtakke optel om groot houtkruise vir Paasfees te maak. Hy wou die geld wat hy uit die verkope van die houtkruise kry, aan Bybelverspreiding skenk. Hy was lank in 'n koma, het sy sig verloor en is rolstoelgebonde. Tans is hy besig met tuisrehabilitasie en help 20 vrywilligers hom met skoolwerk, fisio-, arbeids- en spraakterapie, Kuns, Body Stress Release, perdry, saamsing ens. Johannes is vrolik en vindingryk en beur almal rondom hom op. Sy ankerteksvers is: **Jes 41:13 "Ek is die Here jou God. Ek vat jou hand. Ek sê vir jou: moenie bang wees nie. Ek help jou."**

Inligtingstuk wat voor in Bybels geplak gaan word